

WAT EN WAAR IS DIE HEL?

‘n Sinnelose geskiet het ontstaan toe ‘n student by sy skool ingestap het en ‘n paar van sy klasmaats gedood het. ‘n Ontstelde man wat uit sy werk ontslaan is, het by sy vorige werkgewer ingestap en sy baas geskiet. ‘n Moeder het haar motor in ‘n meer ingestoot met haar twee kinders binne-in en hulle verdrink.

Op ten minste twee kontinente word duisende mense vermoor in sogenaamde etniese reiniging. Eeue-oue vyandskap tussen twee of meer etniese groepe is die oorsaak. Mans, vrouens, kinders en selfs babas is geskiet, in stukke gesny, geslaan en verkrag.

Deur hierdie barbaarse misdade met die doodstraf te straf, selfs vir koelbloedige moordenaars, word deur baie veroordeel. Groepe teen die doodstraf protesteer luidkeels en noem dit ‘n onmenslike, “heidense ritueel.” Hulle vra, is hierdie moordenaars verhewe bo verlossing?

Wat is die mees menslike manier om veroordeelde kriminele tereg te stel? Die elektriese stoel? Sommiges dink ‘n inspuiting met ‘n dodelike middel sal die minste pyn veroorsaak. Ander beweer dat die lewe baie vinniger eindig wanneer iemand gehang word.

Maar te midde van al hierdie passievolle debatte oor die doodstraf, is daar een opsie wat niemand oorweeg nie. Niemand stel voor dat koelbloedige moordenaars, wat iemand anders se lewe wreed beïndig het, moet betaal met liggaamlike lyding deur dood gemartel te word nie. Niemand, het byvoorbeeld nog voorgestel dat hierdie moordenaars stadig doodgebrand moet word nie.

Maar baie opregte Christene veronderstel wel dat ons Hemelse Vader erger dinge as dit sal doen. Die bose, sê hulle, moet gemartel word om te betaal vir hulle sondes. En wat meer is, hulle stel God se teregstellings gebied voor as ‘n plek van eindelose lyding.

Wat presies gebeur met die goddelose? Hoe pas hulle lot in met God se liefde en regverdigheid? Kom ons kyk na die Bybel vir ‘n antwoord.

1. JESUS SE FINALE HARTSEER

Vir 6 00 jaar het God met manne en vroue gepleit:

“So waar as Ek leef, spreek die Here Here gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe.” – Esegïël 33:11.
(Tensy anders vermeld, word alle Skrifgedeeltes in die ONTDEK Gidse geneem uit die Ou Vertaling van die Bybel in Afrikaans.)

Die kruis openbaar hoe graag God die gevalle mensdom wil red. Toe Jesus op die kruis uitgeroep het: “Vader vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie,” het Hy sy hartseer ontbloot (Lukas 23:34). Kort daarna het Jesus te sterwe gekom en soos sommige glo, het Hy gesterf weens ‘n gebroke hart. (Johannes 19:30, 34).

Maar selfs met hierdie magtige demonstrasie van goddelike liefde, sal baie persone steeds nie na Jesus gaan nie. En vir so lank as wat sonde in die wêreld heers, sal dit voortgaan om menslike

hartseer te vermeerder. Daarom moet sonde vernietig word. Hoe beplan God om 'n einde te maak aan sonde?

“Maar die dag van die Here sal kom, ... waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die AARDE EN DIE WERKE WAT DAAROP IS, SAL VERBRAND.” – 2 Petrus 3:10.

God moet uiteindelik die heelal reinig van boosheid en 'n einde maak aan sonde. Diegene wat aanhou om aan sonde vas te hou sal uiteindelik deur hierdie vuur vernietig word wat voorberei is om die Duiwel, sy engele en sonde op die aarde te vernietig. Wat 'n hartseer tyd vir Jesus wanneer Hy sien hoe die vuur diegene vir wie Hy gesterf het om hulle te red, verteer.

2. WAAR EN WANNEER SAL DIE HEL BRAND?

Teenstrydig met sekere populêre begrippe, het God nie nou 'n vuur wat reeds brand op 'n plek met die naam “hel”, waar sondaars gaan wanneer hulle sterf nie. Die hel gebeur wanneer hierdie aarde in 'n poel van vuur verander word. God wag om die oordeel oor die bose mense uit te voer tot die finale oordeel aan die einde van die 1 000 jaar (Openbaring 20:9-15).

“Die Here weet om die godsaliges uit versoeking te verlos en die onregverdiges te bewaar vir die dag van oordeel om gestraf te word.” – 2 Petrus 2:9.

Hy reinig ook ons wêreld met hierdie reinigende vuur.

“Maar die teenswoordige hemele en die aarde is deur dieselfde woord as 'n skat weggeleë en word vir die vuur bewaar teen DIE DAG VAN DIE OORDEEL en die verderf van die goddelose mense.” – 2 Petrus 3:7.

God het nooit beplan dat enige mens sy of haar lewe in die vuur van die hel moet beëindig nie. Maar wanneer mense weier om weg te breek van Satan en aan hulle sondes vashou, moet hulle uiteindelik die gevolge van hulle keuses dra.

“Dan sal Hy ook vir die aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat BEREI IS VIR DIE DUIWEL EN SY ENGELE.” – Mattheus 25:41.

Wanneer sal die hel brand, volgens Jesus?

“Net soos die onkruid dan bymekaargemaak en met vuur verbrand word, so sal dit wees IN DIE VOLEINDING VAN HIERDIE WÊRELD. Die Seun van die mens sal sy ENGELE uitstuur, en hulle sal uit Sy koninkryk BYMEKAARMAAK AL DIE STRUIKELBLOKKE EN DIE WAT DIE ONGEREGTIGHEID DOEN, en SAL HULLE IN DIE VUUROOND GOOI. Daar sal geweene wees en gekners van die tande.” – Mattheus 13:40-42.

Die onkruid, of boosdoeners, word nie verbrand tot die einde van die wêreld nie. Voordat hierdie vonnis voltrek word, moet die hele heelal verseker word dat God regverdig was in Sy optrede teenoor elke mensekind. Soos uiteengesit in Gids 22, in die groot stryd wat aangaan tussen Christus en Satan, het Satan probeer om aan die heelal te bewys dat die weg van sonde die beste weg is; Jesus het gedemonstreer dat die weg van gehoorsaamheid die sleutel is tot 'n meer bevredigende lewe.

Aan die einde van die 1 000 jaar, sal hierdie demonstrasie uitloop op die oordeel van Satan, sy engele en die bose mense. Nadat die boeke oopgemaak is wat wys watter rol elke persoon in hierdie groot drama gespeel het, sal God die Satan, die dood en die graf, saam met elkeen wie se naam “nie opgeskryf is in die boek van die lewe nie” gooi in die poel van vuur. (Openbaring

20:14-15). Volgens die volgende teksvers, Openbaring 21:1, sal God nadat Hy die aarde van sonde gereinig het deur vuur, “’n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde” maak.

3. HOE LANK SAL DIE HEL BRAND?

Baie gelowiges aanvaar die idee dat die vure van die hel vir ewig duur, wat ‘n ewigdurende voltering veroorsaak. Kom ons kyk versigtig na die teksverse wat God se behandeling van sonde en sondaars beskryf:

“Wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie. Hulle sal as STRAF ONDERGAAN ‘N EWIGE VERDERF, weg van die aangesig van die Here en van die heerlijkheid van sy sterkte.” – 2 Thessalonicense 1:8, 9.

Let asseblief op dat “ewige verderf” nie dieselfde is as “ewige foltering” nie. Dit beteken bloot ‘n vernietiging wat vir ewig duur. Die gevolg is ewige dood. Petrus het gepraat van die oordeelsdag en die “verderf van die goddelose mense” (2 Petrus 3:7).

Volgens Jesus, word “siel en liggaam” in die hel vernietig (Mattheus 10:28). In Sy Bergpredikasie het Jesus gepraat van die nou poort “wat na die lewe lei,” en die wye pad “wat na die verderf lei,” (Mattheus 7:13, 14). In Johannes 3:16 verduidelik Jesus dat God “Sy eniggebore Seun gegee het,” sodat die wat glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe mag hê. Jesus kontrasteer twee feite: ewige lewe of om verlore te gaan – nie ewige verbranding nie. Ons moet daaruit aflei dat die hel definitief ‘n einde het; dit veroorsaak die dood en vernietiging van die bese mense.

Duidelike stellings deur die Skrifte vertel ons dat die bese vernietig gaan word. “Die nageslag van die goddelose word uitgeroei” (Psalm 37:28), hulle sal vernietig word (2 Petrus 2:12), “hulle verdwyn soos rook,” (Psalm 37:20). Die vuur sal hulle verander in as (Maleagi 4:1-3). “Die loon van die sonde is die dood,” nie ewige lewe in die helse vuur nie; “die genadegawe van God is die ewige lewe” (Romeine 6:23).

Die doel van die uiteindelijke straf in die hel se vuur is om die heelal te reinig van sonde, nie om sonde vir ewig te bewaar nie. Dit is baie moeilik om jou in te dink dat die God wat geween het oor die lot van die hardnekkige Jerusalem, en wat die mense wat Hom doodgemaak het, vergewe het, in staat sou wees om ‘n ewigheid deur te bring om die ellende van die verdoemdes dop te hou.

Die hel het definitief ‘n einde. Aan die einde van die 1 000 jaar, laat God vuur uit die hemel reën en wis die Duiwel, sy engele en die bese wat voortgaan om aan hulle sonde vas te klou, uit. “Vuur” kom “uit die hemel” en vernietig hulle. (Openbaring 20:9).

Volgens Jesus, is hierdie vuur “onuitbluslik” (Mattheus 3:12). Geen brandweer sal dit kan blus nie totdat die werk van totale vernietiging voltooi is.

God belowe dat Hy uit hierdie reinigende vuur, ‘n “nuwe aarde” sal skep, waarin “die vorige benoudhede vergeet is” en “die stem van geween of die stem van geskreeu” nie meer gehoor sal word nie (Jesaja 65:16-19).

Wat ‘n dag sal dit nie wees nie!

Elke oorsaak vir hartseer sal verdwyn. God sal die wonde wat deur sonde veroorsaak is uit elke hart wegvee, en ons geluk sal volkome wees.

4. “VIR EWIG” IN DIE SKRIF

In Mattheus 25:41 praat Jesus van die “ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.” Beteken “ewige” hier dat die hel vir ewig is? Judas 7 stel Sodom en Gomorra voor “as ‘n voorbeeld . . . , terwyl hulle die straf van die ewige vuur ondergaan.” Dis duidelik dat daardie stede nie meer brand nie. Maar die vuur WAS ewig in die sin dat dit permanente vernietiging tot gevolg gehad het.

In 2 Petrus 2:6 lees ons weereens van die ewige vuur. Maar hierdie Skriftuur wys duidelik dat God “die stede van Sodom en Gomorra tot as . . . verbrand” het en hulle “as ‘n voorbeeld gestel het vir die wat in die toekoms goddeloos sou wees.” Die goddelose Sodom en Gomorra is nie nog steeds aan die ly nie; hulle is lank gelede tot as verbrand. En tog is die vuur wat hulle verbrand het “ewig” in sy gevolge – permanente vernietiging. Ewig beteken permanente straf, nie straf wat voortduur nie.

Omdat die boek Openbaring sulke lewendige, simboliese taal gebruik, is sommige van die gedeeltes misverstaan. Byvoorbeeld, Openbaring 14:11 sê van die wat verlore is: “die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid.” Dit klink soos eindelose lyding. Maar weereens, laat die Skrif self die Skrif interpreteer.

Eksodus 21:6 praat van die dienskneg wie se oor deurboor moet word as ‘n teken dat hy sy meester “vir altyd” (of vir ewig in sommige vertalings) moet dien. In hierdie geval sou die “vir altyd” so lank wees as wat die dienskneg sou lewe. Jona, wat net drie dae en drie nagte in die walvis se maag was (Mattheus 12:40) sê dat hy “vir altyd” daar was (Jona 2:6). Sonder twyfel het drie dae in daardie slymerige donkerte soos ‘n ewigheid gevoel.

Ons moet dus versigtig wees om te verstaan hoe en wanneer die Skrif simboliese, digterlike taal gebruik. Die rook wat vir ewig opgaan van die poel van vuur is ‘n lewendige manier om die ewige vernietiging te beskryf. Openbaring 21: 8 vertel duidelik vir ons dat die poel van vuur wat met vuur en swael brand “die tweede dood” is. Die hel het ‘n einde. Die goddelose word verbrand; hulle word vernietig.

5. WAAROM MOET DAAR ‘N HEL WEES?

Aan die begin het God ‘n volmaakte wêreld geskep. Maar sonde het gekom en rampe, verval en dood gebring. As jy een aand sou huis toe gaan en vind dat jou huis gestroop en vernietig is, sou jy dit vir ewig so los? Natuurlik nie. Jy sou die vullis en gemors uitvee, die plek van bo tot onder skoonmaak en die meubels wat totaal vernietig is, weggooi. God sal dieselfde doen. Hy gaan die skade en besoedeling van die sonde vir eens en vir altyd vernietig, en ‘n nuwe aarde in die plek daarvan skep. God se doel om hierdie wêreld deur vuur te reinig is om dit voor te berei vir ‘n volmaakte wêreld vir die verlostes om in te woon.

Maar God kom voor ‘n ernstige probleem te staan omdat sonde nie net die fisiese wêreld vernietig het nie, dit het ook mense besmet. Sonde het ons verhouding met Hom en met mekaar beskadig. Die mensdom word steeds geplaag deur kindermishandeling, terrorisme, pornografie en ‘n duisend ander kankers van die siel. God moet eendag sonde vernietig, want sonde vernietig mense. God se dilemma is dit: hoe om die dodelike virus van sonde uit die wêreld uit te wis en tog nie al die mense wat daardeur besmet is te vernietig nie. Sy oplossing was om die virus in Sy eie liggaam te neem; Hy het toegelaat dat die kanker van sonde Hom op die kruis vernietig. Die resultaat:

“As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons VAN ALLE ONGEREGTIGHEID TE REINIG.” – 1 Johannes 1:9.

God bied Sy oplossing vir die sonde probleem vryelik aan almal. Maar die hartseer feit is dat party aandrang om vas te hou aan die sonde siekte. En God sal nie mense dwing om Sy weg tot die ewige lewe te kies nie. Diegene wat Sy oplossing verwerp sal uiteindelik deur die siekte vernietig word. Die ware rede vir die hel is:

“Omdat Ek geroep maar julle nie geantwoord het nie, Ek gespreek maar julle nie geluister het nie, maar gedoen het wat verkeerd is in my oë en verkies het wat My nie behaag nie.” – Jesaja 65:12.

Die bese sal deur hulle eie keuse van Jesus afgesny wees, en dan ontdek dat die enigste alternatief die ewige dood is.

6. WAT SAL DIT KOS OM VERLORE TE WEES

Selfs al leer die Skrif nie vir ons dat die vuur van die hel ewige lyding tot gevolg het nie, gee dit wel aan ons ‘n kykie op watse vreeslike ondervinding dit sal wees om verlore te wees. Die goddelose gaan die ewige lewe misloop. Wat ‘n vreeslike ondervinding gaan dit nie wees om te besef dat die vreugde van die ewige lewe saam met God deur hulle vingers geglip het, dat hulle nooit, ooit ‘n salige, volmaakte liefdevolle verhouding deur die eeue sal ondervind nie.

Toe Christus aan die kruis gehang het met die wêreld se sonde wat Hom van Sy Vader skei, moes Hy die hartseer van die wat vir ewig verlore is, gevoel het. Wanneer die goddelose na die swart, leë ruimte voor hulle kyk, sien hulle slegs ewige vernietiging. Hulle moet sterf sonder die hoop op ‘n tweede opstanding. Terselfdertyd sien hulle hoe hulle Christus keer op keer weggestoot het toe Hy na hulle gekom het met liefdevolle oproepe. Teen die einde val hulle op hulle knieë en erken God se geregtigheid en Sy liefde (Filippense 2:10,11).

Geen wonder dat die Bybel skrywers ons dringend vermaan oor die erns van ons keuses en die aansprake van Christus nie.

“En as medewerkers vermaan ons julle ook dat julle die genade van God nie tevergeefs mag ontvang nie. Want Hy sê: In die tyd van welbehag het Ek jou verhoor, en in die dag van heil het Ek jou gehelp. Kyk, NOU is dit die tyd van die welbehag, kyk, NOU is die dag van heil.” – 2 Korinthiërs 6:1, 2.

Ek kan aan geen groter tragedie dink as iemand wat die pryslose offer van Jesus vermors deur te kies om verlore te gaan nie. Die alternatiewe waarvoor ons te staan kom is glashelder: ewige vernietiging – ‘n ewigheid uitgesluit van die teenwoordigheid van God, of ‘n ewige vriendskap met Christus wat ons diepste verlangens vervul. Wat kies jy vir jouself? Waarom ontdek jy nie jou bestemming met Christus vandag nie?